
Die Dodelike Driehoek
deur Gerrie Radlof
PRONKBOEKE
Swerwer-Speurder No 8

## INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I | Die Ongewenste Passasier. ... ... ... | 7 |
| II | Gevaarlike geheim. ... ... ... ... | 20 |
| III | Die dood is te gou. ... ... ... ... | 30 |
| IV | Die Rottenes. ... ... ... ... ... | 42 |
| V | Krakende trappe. ... ... ... ... | 55 |
| VI | Die skroef word aangedraai. ... ... ... | 70 |
| VII | Teendreigement. ... ... ... ... ... | 86 |
| VIII | Opgedisde Moord. ... ... ... ... | 97 |

## Hoofstuk I

# DIE ONGEWENSTE PASSASIER

„HY skuld my 'n duisend pond en ek wil dit vanaand hê," Johnny Bizante trommel met die kort, dik vingers van sy linkerhand op die blink gepoleerde blad van sy lessenaar. Hy sit half skeef in die stoel met sy regterarm oor die leuning daarvan. Tussen die geel vingers van sy regterhand brand 'n dik sigaar. Sy waterige oë kyk deur die swaar ooglede na die twee mans oorkant die lessenaar wat aandagtig na hom luister. Sy dik lippe buig effens om die hoeke af toe hy vervolg.

„Hy sou verlede week reeds betaal het, maar blykbaar soek hy uitstel. Ek is nie gewillig om dit toe te staan nie. Toe hy vandag gebel het, het dit my voorgekom asof hy die moontlikheid oorweeg dat hy hierdie klein bedraggie dalk kan vryspring."

„Maar as ons nou met hom argumenteer, Johnny," sê een van die mans, „behoort ons darem te weet hoe sake staan—byvoorbeeld hoekom hy jou die geld skuld—?"

Bizante stamp met sy linkerhand op die lessenaar. Hy kyk die man met blitsende oë aan.

„Jy werk vir my, Jak!" roep hy skerp uit. „Jy werk vir my en ek betaal jou daarvoor. Ek betaal jou om jou werk te doen en jou mond te hou. Dis nie vir jou nodig om te weet hoekom jy my bevele moet uitvoer nie. Jy doen dit of jy doen dit nie. Is dit duidelik?"

„Ek verstaan, Johnny," werp Jak Nasbir haastig teë. Dit is asof hy effens teruggedeins het voor die aanval van die dik

man, en sy stem is oombliklik amper pleitend asof hy tegelykertyd verskoning vra vir die oortreding. „Dit was maar bloot uit belangstelling. Ek het nie geweet dit maak saak nie."

„Dan weet jy nou!" blaf Johnny Bizante. „Dit maak saak. My sake maak altyd saak."

„Maar luister, Johnny," begin die tweede man wat op hierdie oomblik beslis dapperder voorkom as sy maat. „Ek is nog maar 'n paar dae hier by jou. Dit is uiters ongemaklik om op 'n taak van hierdie soort uitgestuur te word terwyl 'n mens nie eens weet hoekom jy dit doen nie. Ek sou amper sê dat jy net sowel vir ou Mankes hier binne in jou kafee kon gestuur het." Johnny kyk die man 'n rukkie stil aan. Ore Pieters se blik sak 'n paar keer.

„Ek het jou daar by die tronkhekke ontmoet, Ore," sê hy stadig. „Jy het nêrens gehad om heen te gaan nie. Ek het jou in diens geneem. Jou beloning is groot. Waarom wil jy nou hierdie soort ondankbaarheid toon."

„Ek verseker jou, ek is nie ondankbaar nie," antwoord Ore onmiddellik. „Ek weet dat jy vir my goed is, Johnny. Ek sal my werk doen. Ek wou—"

„Jy wou niks. Dieselfde verduideliking geld vir jou ook en ek kan dit vir julle albei sê dat daar 'n paar kenmerke van ou Mankes is wat julle gerus kan aanleer."

Hulle lag albei effens ongemaklik. Hulle skuif hul voete rond.

„Jy kan ons darem nie eintlik met ou Mankes vergelyk nie Johnny," sê Ore met 'n poging tot opgewektheid.

„Hoekom nie!" snou Johnny hulle toe. „Ou Mankes doen sy werk. Hy het nog nooit sy mond oopgemaak nie. Ek dink nie hy kan praat nie—dis 'n goeie eienskap. Miskien kan hy nie eens goed hoor nie—nog 'n beter eienskap. Verder sal ek my nie verbaas as hy skaars kan sien nie—die beste van alles. Maar die belangrikste les wat julle by hom kan leer, is die feit



dat hy vir 'n paar oulap per maand alle vloere vee en skrop en dat hy selfs die latrines skoon hou. Ek is daarvan oortuig dat as julle hom moet loop vra waarom daar so 'n ding soos 'n latrine is, hy julle nie eens sal kan sê nie."

Die twee antwoord nie. Johnny Bizante kyk hulle koel aan.

„Is daar nog iets voordat julle gaan?" vra hy bars.

„Wat doen ons as hy nie die geld het nie?"

„Julle vra hom mooi na Johnny se duisend pond," verduidelik Bizante stadig. „As hy dit nie het nie dan behoort julle tog self te weet wat om te doen. Indien hy dit na 'n rukkie nog nie het nie, gaan julle voort en indien hy dit nog nie het wanneer julle met hom heeltemal klaar is nie, dan voeg julle so 'n bietjie ekstra by en laat dit dan vir hom 'n les wees. Hy sal heelwaarskynlik môre met die geld te voorskyn kom. Verstaan julle?"

Hulle knik.

„Is jy seker dat hierdie kêrel, Ben Vorster, nie dalk 'n vriend of kennis van Obed de Swardt is nie?" vra Ore huiwerig.

Johnny Bizante spring uit sy stoel op. Sy kort, dik bene dra hom verbasend vinnig om die lessenaar tot 'n paar tree voor Ore Pieters. Hy steek die gloeiende kool van die sigaar onder die man se neus in.

„Ek sal jou aanraai om met jou gesanik op te hou, Ore," sê hy grof. „Obed de Swardt kon dalk daarin slaag om *jou* in die tronk te stop, maar moenie verwag dat ons so sleg is soos jy nie."

„Dit is nie dít nie, Johnny," sê Ore benoud. „Destyds het ek nie eens geweet van die bestaan van so 'n man nie. Dit is maar toe hy my aan die gereg uitlewer dat ek agterkom—"

„Wat kon jý agterkom? Wat my betref, bestaan hy ook nie!" Hy draai na Jak Nasbir toe. „Julle moet nou gaan,"

gebied hy kort-af. „Gewoonlik is Vorster teen hierdie tyd by sy woonstel. Wanneer hy die aand uitgaan, verlaat hy dit omstreeks agtuur."

Die twee mans draai om en gaan haastig by die kantoor uit. Buite stap hulle met die gang af tot in die biljartkamer wat agter Bizante se restaurant geleë is. Die tafels is almal beset want dit is 'n gewilde ontspanningsoord vir die jong mense van die omtrek. Langsaan is ook 'n saal waar hulle kan plate speel en dans.

Die twee gaan by 'n sydeur uit en 'n oomblik later trek die swaar Amerikaanse motor teen die heuwel op na Johannesburg se woonstelvoorstad Hillbrow.

Dit is skaars sewe-uur en die strate is woelig. Hulle soek 'n parkeerplek voor 'n blok luukse woonstelle, en gaan in. In die hyser is daar verskeie ander mense, maar Jak en Ore kyk voor hulle op die grond. Op die sesde verdieping klim hulle uit en stap met 'n gang af tot op 'n balkon. Aan die deur met die nommer 116 daarop klop hulle doodgewoon.

Die deur word oopgemaak en 'n jong man kyk uit. Sodra hy die twee kêrels daar sien staan, is dit asof hy effens terugdeins. Maar dan vra hy skerp : „Goeienaand—wat kan ek vir julle doen?"

„Johnny het ons gestuur," sê Jak Nasbir bedaard.

Die jong man se hand rus nog op die deurknop. Meteens neem hy 'n tree agtertoe en toe hy die deur toeswaai, spring Jak vorentoe en sit sy voet tussen die deur en die kosyn. Tegelykertyd werp Ore sy volle gewig teen die deur en hy stamp dit oop.

Hulle stap in. Voor hulle tree Ben Vorster agteruit. Hy kyk hulle half uitdagend aan.

„Julle kan teruggaan en vir Johnny sê dat ek sy afpersery nie sal duld nie. As hy sy vervolging gaan voortsit, sal ek na die polisie gaan."



„Johnny is nie geïnteresseer in jou voornemens nie," sê Jak koud. „Al wat hy vanaand wil hê, is sy duisend pond. Hy het ons gestuur om dit te kom haal. Ons sal jou aanraai om dit te oorhandig."

„Ek het dit nie," werp Ben Vorster terug. „Julle kan vir hom gaan sê dat ek dit ook nooit sal hê nie. Dit sal hom nie baat om—."

Jak Nasbir neem vinnig 'n paar tree nader. Sy linkervuis skiet reguit na Ben Vorster se maag, maar blykbaar was die jong man voorbereid vir so 'n aanval. Hy spring terug en toe Jak met 'n grom van woede vorentoe storm, slaan Ben hom hard onder die ken sodat die man terugsteier.

Ore Pieters het die deur intussen agter hom toegeskop. Nou swaai hy na die regterkant toe weg en stap teen die muur af. Vlugtig kyk hy by die ander vertrekke van die woonstel in en sodra hy seker gemaak het dat Ben Vorster alleen was, beweeg hy agter die man in.

Jak kom weer nader. Met sy lang arms mik hy 'n paar houe na die jong man, maar rats ontwyk Ben Vorster dit. Hy slaag selfs daarin om Ore Pieters sydelings dop te hou en toe hy agterkom dat die man hom probeer betrek, spring hy opsy met sy rug teen die muur.

Net regs van hom is die rusbank. Ore Pieters sluip na sy linkerkant toe. Jak storm reg op Ben af.

Ben Vorster slaan wild en dan spring hy op die rusbank. Op dieselfde oomblik duik Ore deur die lug en kom bo-op die jong man op die kussings te lande. Dadelik is Jak by en hulle druk Ben Vorster teen die leuning vas. Hy spartel maar slaag nie daarin om hul greep af te skud nie.

„Al wat Johnny wil hê, is sy geld," hyg Jak dit uit. „Dit help nie jy baklei met ons nie, mannetjie. Ons doen net ons werk. Jy kan ons almal baie leed spaar deur op te dok."

„Ek sê julle julle sal geen bloue duit uit my kry nie." Ben Vorster beur om sy arms te bevry. Hy skop hoog met sy bene. Dan haak Jak Nasbir af en slaan hom hard onder die ken. Ben se kop ruk terug. Weer slaan Jak onderwyl Ore Vorster steeds vaspen.

„Hierdie speletjie kan lank aanhou," dreig Jak verder. „Ek sal jou aanraai om met daardie paar pond tevoorskyn te kom."

Ben Vorster is nie in staat om te praat nie. Deur half verglaasde oë gluur hy die man aan. Hy skud sy kop heftig.

„Hou jy hom vas, Ore," versoek Jak sy makker bedaard. „Ons sal hierdie vent 'n les leer wat hy nie gou sal vergeet nie."

Skaars twee minute later gooi Ore Ben Vorster se bewustelose liggaam op die tapyt neer. Jak stof sy hande teen mekaar af, asof hy 'n taak goed verrig het. Hy kyk om hom heen na die duur meubels en die smaakvolle ornamente.

„Kom ons kyk of hier iets is waarin ons dalk sin het," nooi hy vir Ore en sonder meer stap hulle deur die woonstel, trek laaie oop en krap daarin, stamp die deure van die aangrensende vertrekke oop en soek die plek deur. Jak steek onder meer 'n doos sigare in sy sak. Ore tel 'n silwer sigaret-aansteker op. In Vorster se beursie is twintig pond kontant. Hulle neem dit ook en verdeel dit.

Skaars 'n kwartier nadat hulle ingegaan het, stap hulle doodluiters op die balkon uit. Hulle trek die deur agter hul toe en gaan met die hysbak na benede. Ore klim voor die stuurwiel in en sonder 'n teken van haastigheid trek hulle in die straat weg.

„Dit is nou die vierde man wat ons binne 'n maand moet aanspoor om te betaal," sê Jak na 'n rukkie. „Dit wil voorkom asof Johnny se besigheid nie eintlik floreer nie."

„Johnny se sake is altyd rooskleurig," werp Ore terug. „Ek het hom lank geken voordat ek nog deur—"



„Voordat jy deur my in die tronk gestop is—of is dit nie wat jy wou sê nie?" Die stem kom sag en kalm agter die motor uit. Jak Nasbir swaai om en sy hand skiet na sy baadjiesak. Ore Pieters gil egter hoog en benoud en die motor swaai in die straat.

„Kyk waar jy ry, Ore," hervat die stem en dit wil amper voorkom asof daar die sweem van 'n glimlag in is.

„Wie de joos—?!" begin Jak, maar hou stomp op.

„Ek sal jou aanraai om jou hande in die lug te steek, Jak Nasbir," dreig die donker skaduwee hier agter uit die motor. „Ek het 'n rewolwer reeds op jou gerig, en in hierdie verkeer sal die skoot nie gehoor word nie."

„De Swardt," hyg Pieters dit uit. „Hoe kom jy hier?" Dit is meer 'n uitroep van verbystering as 'n vraag.

„Ek het ingeklim, ou vriend," antwoord Obed de Swardt. „Ek het agter op die vloer gelê toe julle aangekom het. As ek die soort lewe voer waarmee julle jul bestaan maak, sal ek baie goed rondkyk voordat ek in 'n motor klim."

„Ek het al van jou gehoor, De Swardt," sê Jak Nasbir nors. „Jy is 'n kêrel wat jou dikwels in ander mense se sake inmeng. As ek jou enige raad verskuldig is, sal ek jou aanraai om jou uit die voete te maak. Jy speel met vuur. Jy—."

„Moenie so praat nie, Jak!" roep Ore Pieters dringend uit. „Hierdie man—"

„Wat makeer jou, lafaard!" snou Jak hom toe. „Die kêrel kan niks aan ons doen nie. Teen die tyd dat ons met hom klaar is, sal hy jammer wees dat hy ooit gebore is."

„Jy weet nie wat jy sê nie, man," kom dit weer benoud van Ore. „Hy is nie 'n mens nie. Hy is 'n duiwel."

Agter in die motor lag Obed de Swardt sag, maar helder. Hy leun effens vooroor.

„Dan onthou jy my nog goed, Ore?" sê hy amper gemoedelik. „Dit verbaas my egter dat jy jou al weer op sulke kronkelweë begewe so gou nadat jy jou vryheid teruggekry het. As ek jy was, sou ek my skaam. Jy het destyds lig daarvan afgekom. Die magistraat het nog gesê dat 'n man soos jy maklik behoort te kan bekeer. Hy het gepraat van die moontlikheid dat jy 'n nuttige burger van die land kon word."

„Dit was nie my plan om—" begin Ore, maar Jak val hom bars in die rede.

„Hou op met jou gekruip, Ore. Ek sê jou, De Swardt, as ek jy is, sal ek liewer daardie rewolwer opsy sit en uitspring wanneer ons stilhou. Jy het niks teen ons nie. Ons kan jou aan die naaste konstabel uitlewer. Jy molesteer ons onwettiglik. Ons—."

„Julle," sny Obed hom kort-af, „sal maak soos ek sê. Jy ry hier af Linden se kant toe, Ore. Daar anderkant die koppies is 'n plekkie wat ek goed ken. Ons kan daar alleen en op ons gemak gesels."

„Wat wil jy hê, De Swardt?"

„'n Bietjie inligting, Jak. Julle kan natuurlik nou al begin praat of anders kan ons wag totdat ek in 'n beter posisie is om uit te vind wat ek wil weet."

„Jy soek jou dood, De Swardt."

Hulle ry in stilte voort. Twintig minute later gebied De Swardt vir Ore Pieters om met 'n dowwe gruispaadjie links van die teerpad af te draai. Hulle ry tussen 'n digte lap bome deur en daal dan teen 'n heuwel in 'n laagtetjie af. Hierlangs is dit pikdonker. Nêrens is daar 'n enkele lig te bespeur nie. Toe die motorlampe oor die gelyk oppervlakte van 'n klein pan val, beveel Obed vir Ore om stil te hou.

Hy spring aan die linkerkant van die motor uit en hou die deur oop. Met sy rewolwer in Jak Nasbir se ribbes gedruk, voel hy deur sy sakke en haal 'n klein rewolwer daaruit. Hy



steek dit in sy eie sak en stamp die kêrel dan voor die motor uit sodat hy in die helder ligstrale gaan staan.

Dan nooi hy Ore Pieters vriendelik om ook daarnatoe uit te skuif. By hom vind hy 'n sokkie wat met sand gevul is en ook 'n rewolwer. Sodra hy die wapens gekonfiskeer het, stoot hy hom daar tot langs sy maat. Hy dryf hulle 'n entjie van die motor af weg sodat hulle nie vol in die skerp lig staan nie. Dan steek hy sy rewolwer in sy sak en vou sy arms oor sy bors.

„Julle moet nou goed luister," sê hy stadig met sy kop effens eenkant toe en met die een oog half toe. „Julle is twee en ek is een. Ek gaan julle sekere vrae stel. Ek wil hê dat julle my moet antwoord. Indien julle in die minste huiwerig is, sal ek julle aanhelp—julle behoort te weet hoe 'n mens aangehelp word wanneer daar iets van hom verlang word en hy traag is om daarmee te voorskyn te kom. Ek—." Jak Nasbir spring vorentoe. Blykbaar het hy afgelei dat hierdie man te veel op sy gemak is en dat hy hom dalk onverhoeds sal kan bykom. Toe sy regtervuis reeds deur die lug suis, skiet 'n benoudheid in die krop van sy maag. Waar sy vuis teen die glimlaggende gesig van Obed de Swardt moes gebots het, is daar niks meer as lug nie. Kort op die hakke van die benoudheid dryf die klipharde kneukels van De Swardt in Jak se wind. Hy krul vooroor, struikel en skuif deur die stof.

„En waar bly jy, Ore?" roep Obed de Swardt gedemp uit. „Hoekom help jy nie jou maat nie."

„Ek sê jou, meneer De Swardt, ek het nie baie sin vir die hele besigheid gehad nie. Hulle het my gemaak vir hulle help. Ek— ek—"

„Jy is maar net 'n bietjie bang vir my, nie waar nie?" Onderwyl De Swardt praat, kyk hy na Jak Nasbir wat stadig orent kom. Die man hou albei sy hande oor sy maag. Hy